

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 13, No. 3

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Mei-Jun 2013 *Tomorrow's World*-tydskrif



'n Persoonlike boodskap van

Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

Ons streef na die doel

My vriende, die meeste van u besef vandag dat die meerderheid mense feitlik *geen vrees* of opregte respek vir die God van die Bybel het nie! Dit lyk asof hulle nie omgee wat Sy geïnspireerde Woord sê – aangaande aborsie, dieselfde-geslag huwelike, seks buite die huwelik of basies enigiets anders nie! Nogtans sê die God van die Bybel aan ons: “Want Ek, die *HERE*, het *nie verander nie*” (Maleagi 3:6). Net soos die Almagtige God antieke Israel swaar gestraf het, so **sal** Hy *ons straf*, tensy ons mense hulle waarlik bekeer en na Hom terugkeer!

Hoe sal hulle hulle egter kan bekeer as hulle nie gewaarsku word nie (Romeine 10:14)? *Dit* is die werklike rede vir hierdie Werk. God gebruik ons om die wêreld te **waarsku** aangaande God se toekomstige ingryping in die mens se sake en aan hulle die manier te wys waarop hulle God se toorn kan vryspring in die jare wat voorlê. God beveel Sy ware dienaars: “Roep uit die keel, hou nie terug nie, verhef jou stem soos 'n basuin! En verkondig aan my volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle sondes. Wel soek hulle My dag vir dag en het 'n behae in die kennis van my weë! Soos 'n nasie wat geregtigheid doen en die reg van sy God nie verlaat nie, vra hulle My na die regverdige verordeninge; hulle het 'n behae in die toenadering tot God” (Jesaja 58:1-2).

Die Skepper-God beveel Sy ware leraars:

“Roep uit die keel!” Hoeveel het werklik die moed en toewyding om *dit te doen*? *Inderdaad, baie min!*

So was dit in Jesus se tyd. Die apostel Johannes sê: “Maar tog het selfs baie van die owerstes in Hom geglo; maar ter wille van die Fariseërs het hulle dit nie bely nie, om nie uit die sinagoge geban te word nie. Want hulle het die eer van die mense meer liefgehad as die eer van God” (Johannes 12:42-43).

Doen die werk

My vriende, ons by die *Wêreld van Môre* doen die Werk van die Almagtige God aan die einde van 'n era. Ons “vertel dit *regtig* soos dit is”. Ons verstaan ook werklik die Bybelse profesie en verkondig voortdurend die **waarheid** oor wat vir u voorlê *in u eie lewe*. Die God wat aan ons lewe en asem gee, verkondig in Sy geïnspireerde Woord: “Sal die basuin in die stad geblaas word en die bevolking nie skrik nie? Sal daar 'n onheil in die stad voorval as die *HERE* dit nie bewerk het nie? Want die Here *HERE* doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie. Die leeu het gebrul, wie sal nie vrees nie? Die Here *HERE* het gespreek, wie sal nie profeteer nie?” (Amos 3:6-8).

Om die basuin te blaas en hierdie boodskap,

vir meer as 76 jaar te verkondig, is die moderne herlewing van die Werk van God deur hierdie tydskrif en sy voorgangers aangekondig. Ekself is hierdie winter (2014) reeds 62 jaar lank voltyds betrokke in die Werk.

Van mimeograawe tot mikro-skyfies

Nadat mnr. Herbert W. Armstrong, wat my in 1952 verorden het tot 'n evangelis, sy bediening meer as 76 jaar gelede begin het, het hy sy tydskrif-artikels met die hand op 'n ou tikmasjien getik. Hy het tabelle met 'n liniaal en pen of potlood getrek. Hy het sy eerste tydskrifte per hand "gedruk" met behulp van 'n mimeograaf-masjien. Nadat die radio en televisie beskikbaar was, het mnr. Armstrong die potensiaal van die moderne tegnologie raakgesien en dit na die beste van sy vermoë gebruik om die boodskap van die Evangelie van die Koninkryk van God te verkondig.

Vandag kan die rekenaar so baie doen wat ons kan gebruik in die ontwerp en druk van hierdie tydskrif. Selfs in ons kantoor in die VSA sê een van die "rekenaardeskundiges" op ons personeel vir my dat die rekenaars wat ons tans gebruik om ons Engelse tydskrif te publiseer, ten minste 30 keer kragtiger is as dié waarmee ons 14 jaar gelede ons eerste *Tomorrow's World*-tydskrif gepubliseer het. Ons wil die beste van die tegnologie op die

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Ons streef na die doel

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Volmaakte Regering binnekort hier!

3

Kan u uself 'n wêreld voorstel sonder oorlog, armoede, misdaad en korrupsie? Daardie wêreld is gouer hier as wat u mag dink!

Franciskus I: Die heel laaste Pous?

8

Baie mense vra: "Is die nuwe Pous regtig die opvolger van die apostel Petrus?" Sal hy die laaste een wees? Wat sê die geskiedenis en die Skrif aan ons?

Waak en Waarsku

12

Onderskei God se benoemdes

Verbeter u huwelik

14

Is u deeglik voorbereid indien u beplan om te trou? Hoe vaar u met u belofte indien u reeds getroud is?

Vergete simbole

18

Gee God om hoe – en met watter simbole – ons Hom eer wanneer ons Hom aanbid?

Die Werk van Sy hande

20

Die wonder van DNA

Gereeld

Vrae en Antwoorde

23

Profesie neem gestalte aan

24

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besturende Redakteur

John Robinson

Streeksredakteurs

Bruce Tyler (Australasië)

Gerald Weston (Kanada)

Rod King (Europa)

Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

Streekskantore

VERENIGDE STATE:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

VERENIGDE KONINKRYK:

BM PO Box 2345

London, WC1N 3XX

Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (*NV, Nuwe Vertaling*, 1983).

Volmaakte Regering binnekort hier!

Deur Roderick C. Meredith

Namate nasies verder en verder wegdraai van die God van die Bybel, is die basiese grondslag van ons hele samelewing besig om te verbrokkel. Daar is egter goeie nuus! 'n Volmaakte regering, onder die heerskappy van Jesus Christus wat sal terugkeer en wat binnekort vrede en voorspoed na ons planeet sal bring!

Diegene wat Bybelprofesieë verstaan sal kan herken dat ons huidige samelewing naby aan die *einde* is. Ons is werklik in die "laaste dae" wat die apostel Paulus byna 2,000 jaar gelede beskryf het: "Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpratens, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af" (2 Timótheüs 3:1-5)!

Die huwelik word herdefinieer. Minagting vir God, ouers, onderwysers, burgerlike leiers – selfs vir die waarde van die menslike lewe self – is aan die toeneem. Waarlik, ons sal die gevolge moet dra van ons samelewing wat verder voortsnel op die morele glybaan wat afgly in verderf. Namate ons sien hoe regerings regoor die aarde begin verbrokkel, terwyl hulle op

toenemende maniere korrup en afvallig word, behoort dit duidelik te word dat **indien** die Almagtige God vir Jesus gaan terugstuur na hierdie aarde, dit *redelik gou* sal moet wees!

Wat lê dus voor? Met so baie voorbeelde van korrupte heersers oor nasies, rondom ons, mag dit vir sommige mense moeilik wees om te glo dat God Self Sy profeet Jesaja geïnspireer het om 'n toekomstige heerser te beskryf, wat sal regeer met **liefde** en "... aan die armes sal Hy in geregtigheid reg doen en die sagmoediges van die land met billikheid oordeel; maar Hy sal die aarde slaan met die roede van sy mond en met die asem van sy lippe die goddelose doodmaak" (Jesaja 11:4).

Hoe sal die algemene atmosfeer *oor die hele aarde* wees wanneer hierdie regering gevestig word? "Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek" (Jesaja 11:9). Die "kennis van die HERE" – die begrip van God se hele *lewenswyse* – sal die aarde oordek. 'n Bietjie vroeër het God vir Jesaja geïnspireer om te sê: "Want uit Sion sal die **wet** uitgaan

en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspraak oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie" (Jesaja 2:3-4).

'n WERKLIKE wêreldregering!

Is u bewus daarvan dat die Bybel God se toekomstige regering tot in die fynste besonderhede beskryf? Dit is baie "werklik" in God se gedagte. Dit behoort ook by u 'n werklikheid te wees indien u van plan is om daar te wees!

Let op na die beskrywing van wat net voor Christus se wederkoms sal gebeur: "En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse HERE geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid" (Openbaring 11:15). Is dit maar net 'n abstrakte idee of versinnebeelding? Nee! U Bybel openbaar 'n hele *regeringstelsel* onder Jesus Christus. Die profeet Hosea was byvoorbeeld geïnspireer om aan ons te vertel

wat met die twaalf stamme van antieke Israel sou gebeur nadat hulle weggedryf was in ballingskap: "Want die kinders van Israel sal 'n lang tyd bly sit sonder koning en sonder vors en sonder slagoffer en sonder klippilare en sonder efod en huisgode. Daarna sal die kinders van Israel hulle bekeer en die HERE hulle God soek en Dawid hulle koning, en met siddering aankom na die HERE en na sy goedheid in die laaste van die dae" (Hosea 3:4-5).

Ja, u Bybel vertel uitdruklik aan ons dat Koning Dawid van antieke Israel opgewek en sy eertydse werk aan hom teruggegee sal word – as *koning* oor die hele nasie van Israel, in die "laaste dae".

Waarom Koning Dawid? Hy was tog oor die algemeen die mees bekwame en regverdige koning wat Israel ooit gehad het. Hy is dikwels gebruik as die "maatstaf" waarvolgens ander konings beoordeel is. Historiese boeke van die Bybel sal dikwels meld dat 'n koning regverdig was net "soos sy vader Dawid". God word ook selfs in die Nuwe Testament aangehaal toe Hy gesê het: "Ek het Dawid, die seun van Isai, gevind, 'n man na my hart, *wat al my welbehae sal doen*" (Handelinge 13:22).

Met Dawid se wye ervaring en algehele toewyding in die toepassing van God se wette en lewenswyse, is *hy* direk deur God gekies om oor al die stamme van Israel te wees: Juda, Efraim, Manasse, Sebulon en Naftali, ens. Hierdie stamme – soos duisende van u

wat hier lees weet – bestaan nou uit die moderne Engels-sprekende nasies van die Verenigde State van Amerika en die Britse Statebond – sowel as die vredeliewende nasies van noordwestelike Europa (bv. Frankryk, Holland, die Nederlande, ens.)

Jesus Christus het ook self die twaalf oorspronklike Apostels aangestel om *direk* oor die twaalf stamme van Israel *te heers* (Lukas 22:29-30). Antieke Juda – die Joodse volk – kan moontlik onder Petrus, die leidende apostel vir baie jare, geplaas word. Efraim – moontlik die suksesvolste stam op materiële gebied – kan moontlik onder Jakobus of dalk Johannes geplaas word. Manasse, Efraim se broedernasie, kan moontlik onder Johannes of Bartholomeüs of dalk Andreas geplaas word. Is die prentjie vir u duidelik? Hierdie regerings sal **werklik** wees en hulle sal binnekort aktief 'n werklike regering hier *op hierdie aarde* administreer (Openbaring 5:9-10).

Regoor die hele aarde, met 'n bevolking wat vinnig toeneem as gevolg van gelukkige en groterwordende gesinne en *geen oorlog* nie, sal daar *duisende* stede en munisipaliteite wees wat deur die ander heiliges van God geadministreer sal word – deur die twaalf Apostels of ander geestelike konings en priesters. **Al** die *heidense nasies* van die aarde – wat Duitsland (moderne Assirië) en Rusland (moderne Gog of Magog) insluit – sal geadminis-

treer word deur geestelike regeerders, moontlik onder die leiding van Daniël, net soos die Israelitiese nasies oorhoofs deur Dawid regeer sal word. Ons vermoed dat Daniël die heerser kan wees oor die verskillende heidense nasies, aangesien God hom gebruik het om oor die grootste heidense ryk in die wêreld se geskiedenis te heers – die "hoof van goud" wat in Daniël 2:38 beskryf word. Alhoewel ons net 'n paar van die uitdruklike besonderhede "vermoed", kan ons seker wees van die "groter prentjie" – omdat die *raamwerk van die organisasie* duidelik in die Bybel **gegee** word! Dit is op **hierdie** wyse waarop dit binne die leeftyd van baie van u ingestel **sal** word!

'n Wonderlike geleentheid vir ons!

Wie van die twaalf Apostels – wat dan opgewek sal word om oorhoofs oor die nasies te heers – sal oor die verskillende individuele stede en ander regeringstrukture in Christus se toekomstige regering heers? Die baie ander opgewekte *ware heiliges* van God! God se Woord verduidelik uitdruklik dat dit die heiliges se beloning is om "die koninkryk in besit" te neem (Daniël 7:22). Die profeet Daniël verduidelik verder wat sal gebeur wanneer hierdie huidige tydperk tot 'n einde kom: "Dan word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste; hulle koninkryk is 'n

ewige koninkryk, en al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees” (vers 27).

Ja, die **ware** heiliges van God – diegene wat hulle lewens *ten volle* aan God *onderwerp het om Sy wil te doen*, soos koning Dawid dit gedoen het – sal heers oor die nasies van hierdie wêreld. Natuurlik onder Christus en onder Dawid of Daniël of ander groot leiers wat in Christus se toekomstige regering oor hulle aangestel sal word. Wat is dus 'n paar kenmerke waaraan ons hierdie heiliges wat sal heers sal uitken? Die Bybel verduidelik wie hierdie ware heiliges is: “Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; *hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar*” (Openbaring 14:12). Ja, hierdie duisendjarige regeerders sal heiliges wees wat opgewek is en wat nou in hierdie tydperk die Bybel *verstaan en gehoorsaam* is en *God se gebooie onderhou*. Dit is hulle wat God *werklik geken het* en saam met Hom **gewandel** het. Soos die geliefde apostel Johannes reg aan die einde van die Nuwe Testament verduidelik: “En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooie bewaar. Hy wat sê: Ek ken Hom – en sy gebooie nie bewaar nie – is 'n leuenaar, en in hom is die waarheid nie” (1 Johannes 2:3-4).

My vriende, miljoene mense weet dalk vandag *van* God en glo in hulle eie persoonlike begrip van God, maar u, as iemand wat die waarhede wat in hierdie tydskrif aangebied word

lees, mag moontlik een van die relatief min mense wees wat nou geroep word om **te weet** en *besonder bekend te raak* met die ware God, die Skepper van hemel en aarde. Diegene wat deur God geroep word, weet nie net “van” Hom nie. Indien u God se roeping aanvaar, sal u **Hom leer ken** en Sy ware karakter deel van u maak, deur toe te laat dat Hy Sy *lewe* deur die Heilige Gees *in u sal leef*. Hoe sal u weet dat u Hom regtig ken? Soos Johannes skryf: Ons ken Hom, “**as** ons sy gebooie bewaar”.

Wat is u eintlike DOEL?

Jesus Christus beveel ons: “Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word” (Mattheüs 6:33). Dwarsdeur die Bybel, word God se **geregtigheid** beskryf as Sy **gebooie**. Indien u dus God se geregtigheid soek – daardie selfde karaktereienskap van God wat in u geplaas word deur die Heilige Gees – sal u Christus se uitdruklike leerstellings volg as u ware doel in die lewe. U sal bo alles Sy toekomstige regering soek – Sy Koninkryk – en u voorberei vir *u deel* in daardie toekomstige regering. Al u gedagtes en handeling sal op die bereiking van *daardie wonderlike doel* gerig wees – die eintlike **doel** waarvoor God u in die eerste plek geskape het!

Die apostel Paulus beskryf duidelik dat dit die **doel** van die ware heiliges is om oor die hele wêreld te **regeer** of te **oordeel**! Hy was geïnspireer om te skryf:

“Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge?” (1 Korinthiërs 6:2-3).

Die apostel Johannes sê aan ons: “En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het” (Openbaring 2:26-27). Johannes beskryf die geïnspireerde “Lied van die Heiliges” as volg: “Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met U bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers” (Openbaring 5:9-10).

Ja, die **ware** heiliges van God – diegene wat werklik hulle menslike natuur “oorwin”, asook die versoekings van die wêreld sowel as die leuens van Satan die duiwel – sal die geleentheid hê om as konings en priesters te dien. Let ook op: Hulle sal “op die **aarde**” regeer – **nie** in die hemel rondsit met niks om te doen nie!

Wat was die boodskap van die oorspronklike Christene?

Die historikus Edward Gibbon herinner ons in hoofstuk 15 van *Decline and Fall of the Roman*

Empire, daaraan dat die vroeë Christene geglo het in God se komende *wêreldregering*: “Die antieke en gewilde leerstelling van die **Millennium** was nou verbind met die wederkoms van Christus. Soos die werke van die skepping in ses dae voltooi is, so sal die duur van hulle huidige regering, volgens 'n oorlewering wat toegeskryf is aan die profeet Elia, ses duisend jaar wees. Volgens oorlewering word hierdie lang tydperk van arbeid en twis, wat nou byna verstreke is, opgevolg deur 'n vreugdevolle Sabbat van *eenduisend jaar*. Christus sal dan met 'n triomfantlike groep heiliges en die uitverkorenes wat die dood vrygespring het; of wat wonderbaarlik opgewek is, *op die aarde regeer* totdat die tyd vir die laaste en algemene opstanding aangebreek het”.

Ja, die vroeë Christene het God se doel *verstaan* en ook waarom Hy sommiges uit hierdie huidige samelewing in Sy Kerk inroep om voor te berei vir die “*Wêreld van Môre*”!

Ware Christene moet leer om God se wette en weë **nou** te *gehoorsaam* en daarvolgens te *leef*, terwyl hulle hulle voorberei om **ander** mense te **leer** en **op te lei** om die weg van **vrede** uit te leef gedurende die toekomstige millennium – wanneer die koninkryk van God, die werklike **regering** van God, die septer sal swaai oor hierdie aarde! Ons moet ons voorberei deur te leer om wys te oordeel met behulp van die vermoëns wat God aan ons gegee het. Soos Jesus Christus dit duidelik gemaak het

in die “gelykenis van die ponde”, sal aan diegene wat *hulle talente* en kwaliteite *gebruik* – terwyl hulle sonde oorwin en God gehoorsaam – werklike **gesag** gegee word oor stede. Jesus het aan die man wat tien ponde verdien het met sy een pond gesê: “Mooi so, goeie dienskneg; omdat jy in die minste getrou gewees het, moet jy gesag hê oor **tien stede**. En die tweede kom en sê: Meneer, u pond het vyf ponde verdien. En hy sê ook vir hierdie een: En jy moet wees oor **vyf stede**” (Lukas 19:17-19).

Hoe sal die lewe onder God se regering wees? Die Bybel sê duidelik aan ons wanneer dit die tyd van Jesus Christus se heerskappy op die aarde beskryf: “Dan sal die oë van die blindes geopen en die ore van die dowes ontsluit word. Dan sal die lamme spring soos 'n takbok, en die tong van die stomme sal jubel; want in die woestyn breek waters uit en strome in die wildernis” (Jesaja 35:5-6). Verder ook: “Dáár sal geen leeu wees nie, en geen verskeurende dier sal daarop kom of daar aangetref word nie; maar die verlostes sal daarop wandel, en die *losgekooptes van die HERE sal teruggaan en na Sion kom met **gejubel***, en *ewige **vreugde sal op hulle hoof wees***; vreugde en blydschap sal hulle verkry, maar kommer en gesug vlug weg” (verse 9-10).

Eerlikwaar, my vriende, die meeste van u wat hierdie artikel lees, is in hierdie tyd van die mees geseënde mense op hierdie aarde wat vol kwellinge

en onrus is! Wanneer ons voortdurend van die mate van broodgebrek en hongersnood wat nou **miljoene** mense regoor die wêreld teister lees, asook van die toenemende getal onskuldige mense wat **gemartel** en **verkrag** word, behoort ons uit te roep: “... laat u koninkryk kom”! Ons leef in 'n wêreld waar die wreedheid van 'n oorlog 'n hele geslag soldate agtergelaat het wie se arms of bene afgeskiet is, oë verblind is en ore ontbreek en wat emosionele probleme as gevolg van wat hulle in gevegte gesien het. ondervind. Die Bybel sê ook aan ons dat oorloë en geweld sal toeneem in die jare wat Christus se wederkoms voorafgaan.

Nadat Jesus Christus wat teruggekeer het 'n ontsaglike wêreldwye opstand oorwin het, sal Hy 'n tydperk inlui waartydens daar geen oorlogvoering sal wees nie! Daar sal vrede op die aarde wees! Niemand sal aanvalle deur gevaarlike wilde diere hoef te vrees nie. Diegene wat vermink, blind of doof is sal genees word. Daar sal oral 'n atmosfeer van liefde en *seëninge* heers, terwyl die mense wat “vrygekoop is” van die lyding aan die einde van hierdie tydperk, oorweldig sal wees van blydschap. Op hierdie oomblik mag dit dalk nie belangrik lyk vir baie mense wat maar net “voortgaan” en nog nie die groot lyding wat in ons wêreld is, ervaar het nie. Teen die tyd dat Christus se werklike Koninkryk egter hier op die aarde gevestig is, sal dit *oneindig baie* beteken vir

miljoene der miljoene mense wat ly! **Indien** ek en u die Bybel **verstaan** en *onself* werklik in gehoorsaamheid *oorgee* aan God se diens, sal ons die wonderlike *geleentheid* hê om hulp te verleen, opleiding te gee en **vreugde** te bring aan miljoene der miljoene mense regoor die aarde!

Psalm 72 beskryf aan ons die toekomstige regering van die Messias as volg: "... o God, gee aan die koning u regte en u geregtigheid aan die seun van die koning. Laat hy u volk oordeel met geregtigheid en u ellendiges met reg. Die berge sal vrede dra vir die volk, en die heuwels, deur geregtigheid. Hy sal aan die ellendiges van die volk reg verskaf, die kinders van die behoeftige verlos en die verdrukker verbrysel. Hulle sal u vrees so lank as die son skyn en so lank as die maan daar is, van geslag tot geslag. Hy sal

neerdaal soos reën op die grasveld, soos buie – 'n swaar reën op die aarde. In sy dae sal die regverdige bloei en volheid van vrede, totdat die maan nie meer is nie" (verse 1-7). Dan sê God aan ons: "Ja, al die konings sal hulle voor hom buig, al die nasies sal hom dien. Want hy sal die behoeftige red wat daar roep om hulp, en die ellendige en wie geen helper het nie. Hy sal hom ontferm oor die arme en behoeftige, en die siele van die behoeftiges sal hy red. Hy sal hulle siel verlos van verdrukking en geweld, en hulle bloed sal kosbaar wees in sy oë" (verse 11-14).

Waarlik, die verdruktes en die armes sal huil van **blydskap** wanneer die Messias weer na hierdie aarde terugkeer en ware gemoedsvrede en blywende seëninge bring, soos wat ons wêreld nog nooit voorheen geken het nie. *Ons* – **indien** ons

voorberei om deel daarvan te wees – sal die geleentheid kry om hierdie ewige vreugde wat God vir die hele wêreld beplan, teweeg te bring.

Dit is die toekomstige "volmaakte regering" wat God Self beplan het en wat Hy *tot stand sal bring!* Sommige mense sal daarteen in opstand kom. Ons kan dit selfs persoonlik verwerp maar dit **sal** plaasvind, want die Skepper en Heerser van die heelal het dit belowe en het 'n plan om dit tot stand te bring. Mag God ons almal help om te verstaan en voorbereid te wees om *deel* te hê aan hierdie volmaakte wêreldregering wat binnekort na die aarde sal kom. Mag u ag slaan op God se raad om nie net die Waarheid van die Almagtige God te "hoor" nie, maar om daarvolgens te **handel** en so u Skepper se *doel* vir u lewe te vervul! **WVW**

Glo u die Ware Evangelie?

Wat het Jesus WERKLIK verkondig? Weet u? Moenie so seker wees nie! Wat het Jesus bedoel met "die Koninkryk van God"? Hier is die opwindende Goeie Nuus: Daar GAAN 'n nuwe wêreld kom!

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!

Franciskus I: Die heel laaste Pous?

Deur Douglas S. Winnail

Terwyl die wêreld na die voormalige Jorge Mario Bergoglio kyk, wonder party mense of daar oor hom geprofeteer is om die laaste Rooms-Katolieke pous te wees voor Jesus Christus se wederkoms. Nogtans vra ander 'n meer fundamentele vraag: "Is hy regtig die opvolger van die apostel Petrus?"

Bergoglio se keuse vir 'n pouslike naam – Franciskus I – was baie opvallend. Dit herinner ons aan die Middeleeuse Franciskus van Assisi, die stigter van die Franciskaanse kloosterorde. Daardie "Franciskus" was bekend vir sy rondreisende prediking, eenvoudige leefstyl en sy missie waarin hy verklaar om die Roomse kerk te "herstel". Dit is egter nie hierdie verbintenis met Assisi, of sy opleiding as 'n Jesuïet, wat aan Pous Franciskus sy veronderstelde gesag gee nie. Inteendeel, dit is eerder sy vermeende erfenis as die opvolger van die apostel Petrus, wat deur die Rooms-Katolieke beskou word as die eerste biskop van Rome.

Is Franciskus se pouskap dan honderde jare vooruit voorspel? Sommige mense verwys na die geheimsinnige "Profesie van St. Maleagi" – wat na bewering die werk is van 'n twaalfde-eeuse monnik. Alhoewel dit die eerste keer in 1590 verskyn het en nou algemeen beskou word as 'n vervalsing – word dit nog steeds gebruik as bewys dat daar voorspel is dat Franciskus die laaste pous voor Christus se wederkoms sal wees. Die "profesie" bevat 'n lys van meer as 'n honderd kort leuses,

wat na bewering meer as eenhonderd pouse beskryf, wat begin met Celestinus II (wie in die amp gedien het vanaf 1143-44). Wanneer daar van hom af vorentoe getel word, verbind die profesie die tweede laaste kernspreuk op die lys met die nou onlangs afgetrede Benedictus XVI.

Sal Franciskus I dus die laaste pous wees? Selfs ondersteuners van die profesie erken dat die antwoord "nee" is. Die *Catholic Encyclopedia* meld: "Daar is opgemerk aangaande Petrus Romanus, wat volgens Maleagi se lys die laaste pous moes wees, dat die profesie nie sê daar geen pouse tussen hom en sy aangeduide voorganger, *Gloria olivae*, sal wees nie. Daar word net gesê dat hy die laaste pous sal wees, sodat ons ons soveel pouse as wat ons wil kan indink voor 'Petrus die Romein'" (Artikel: "Prophecy").

Indien Franciskus I nie noodwendig die **heel laaste** pous moet wees nie, wat kan ons dan leer oor sy verbintenis met die **eerste** biskop van Rome? Die aanname dat pouslike voortrefflikheid gebaseer is op die apostoliese opvolging vanaf Petrus, is reeds eeue lank 'n standaard Rooms-Katolieke

leerstelling. Dit berus op 'n besonderse interpretasie van een van die sleutelgedeeltes in die Skrif waarin Jesus gesê het: "Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou ... Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees" (Mattheüs 16:18-19).

Dog, in die oorspronklike Griekse teks sien ons dat Jesus se stelling eintlik 'n woordspeling is. Die Griekse woord vir "Petrus" is *petros* (wat klein klippe beteken). Die Griekse woord vir "rots" is *petra* (wat 'n groot rots of berg beteken). Die Bybel wys duidelik dat Jesus Christus die "Rots" is waarop die Kerk gebou is (sien 1 Korinthiërs 10:4; 1 Petrus 2:4-8; asook Psalm 118:22; Jesaja 28:16). Jesus het na Homself en Sy leerstellings verwys as die *petra* [rots] waarop die Kerk gevestig sou word. Hy erken Petrus ('n *petros*) as een van die hoekstene. Dit stem ooreen met ander Skrifgedeeltes wat aantoon dat die Kerk **nie slegs** op Petrus gebou is nie, maar dat die Kerk ook "gebou [is] op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is" (Efesiërs 2:20).

Petrus in Rome?

By nadere ondersoek is selfs die sogenaamde vroeë bewyse van Petrus se lewe, werk en marteldood in Rome *onoor-tuigend*. Die boek Handeling 12:17 swyg oor waarheen Petrus gegaan het nadat hy omstreeks 33 n.C. uit die tronk in Jerusalem vrygelaat is – daar word slegs gesê: “En hy het uitgegaan en na 'n ander plek vertrek” (Handeling 12:17). Volgens die Skrif het Paulus vir Petrus in ongeveer 45 n.C. in Antiochië gekonfronteer oor die kwessie van die besnydenis (Galasiërs 2:11-16). Petrus verskyn tussen 49 en 50 n.C. in Jerusalem vir 'n byeenkoms (Handeling 15:6-7). Nogtans was Petrus, volgens die Katolieke se tradisie, teen daardie tyd reeds al vir etlike jare lank die biskop van Rome! Die bewering dat Petrus se groet uit “Babilon” (1 Petrus 5:13) beteken dat hy die boek in Rome ongeveer 60-64 n.C. geskryf het, is **bloot 'n veronderstelling**. In werklikheid vind ons die eerste kriptiese verwysing in die Skrif na Rome as “Babilon” in Openbaring 17:5, wat sowat 30 jaar later eers geskryf is! Dit is interessant dat die Katolieke geleerdes graag wil hê dat Petrus se verwysing na “Babilon”, Rome moet aandui om sodoende die idee dat hy in Rome gewerk het te bekragtig – nogtans **vermy** hulle enige moontlike skakel tussen Rome en die vrou na wie verwys word as die “Verborgenheid, die groot Babilon” in Openbaring 17:5. Dit is **nie in ooreenstemming** met

die Skrif nie!

Selfs die beweerde ligging van Petrus se graf – wat vermoedelik onder die altaar in St. Petrus se Katedraal in Rome is – is hoogs twyfelagtig. Alhoewel Pous Pius XII in 1950 aangekondig het dat Petrus se stoflike oorskot gevind is, het beenontleding deur geleerdes sy bewering weerlê (*TIME*, 1 Januarie 1951). In 1968 het Pous Paulus VI 'n soortgelyke bewering gemaak, maar baie geleerdes was nie oortuig daarvan nie. 'n Meer onlangse teks verklaar dat, “aangesien alle betroubare inligting oor die plek van Petrus se teregstelling en begrafnis ontbreek, die moontlikhede daarvan so veel is soos die baie ope vrae daaroor” (*History of the Church*, Jedin, bl. 118). Daar is nog geen **bewyse** oor óf die dood óf die begrafnis van Petrus in Rome nie – **dit berus alles op twyfelagtige oorleweringe!**

Ontwikkeling van 'n dogma

Indien daar dus geen historiese bewyse is dat Petrus ooit in Rome was nie, dat hy 'n kerk daar gestig het, of selfs dat hy daar gesterf het nie, **hoe** en **hoekom** het die idee ontwikkel dat pouslike voortreflikheid gebaseer is op die opvolging van Petrus? Twee insiggewende boeke deur bekende Rooms-Katolieke geleerdes (*Saints & Sinners* deur dr. Eamon Duffy van die Cambridge Universiteit en *The Catholic Church* deur dr. Hans Küng van die Universiteit van Tübingen) erken dat niks in

die Nuwe Testament Petrus met Rome verbind nie. Die Bybel openbaar dat die apostel Paulus die boek van Romeine geskryf het en Paulus noem nie eers vir Petrus in die groete wat hy aan meer as 20 broeders in Rome oordra nie (Romeine 16). Nadat Paulus in ongeveer 64 n.C. in Rome aangekom het, het hy gevind dat die Joodse leiers daar nog nie gehoor het van die Evangelie van die Koninkryk van God nie (Handeling 28:17-24). Indien Petrus toe al vir 25 jaar die biskop van Rome was, sou Christus se boodskap dan werklik daar onbekend gewees het?

Die idee dat Petrus in Rome was, is 'n idee wat in die tweede eeu n.C. ontstaan het en wat in die **vierde eeu** n.C. aansien verwerf het, nadat Konstantyn sy weergawe van wat Christelikheid is die amptelike godsdiens van die Romeinse Ryk gemaak het. Die geleerdes Duffy en Küng dui aan hoe die biskoppe in Rome probeer het om voorrang te verkry bo ander kerke deur middel van hulle aansprake en knoeiery. Irenaeus van Lyon het 'n lys saamgestel wat na bewering die leiers van die Rooms-Katolieke kerk naspoor tot by Petrus en Paulus. Küng sê nogtans: “Biskoppe van die Rooms-Katolieke kerk (net soos dié van die Anglikaanse en Ortodokse kerke) is lief daarvoor om hulle self 'opvolgers van die Apostels' te noem ... [alhoewel] ... Dit kan nie bevestig word dat die biskoppe 'die opvolgers van die Apostels' in die direkte en eksklusiewe sin van die woord is

nie ... die vroegste lys van biskoppe [saamgestel deur Irenaeus] ... is 'n **tweede eeuse vervalsing**" (Küng, bl. 30-31).

Teen die einde van die tweede eeu n.C. het biskop Victor van Rome probeer om die kerke van Klein-Asië te dwing om die Roomse Paasfees in plaas van die Pasga te vier. Sy pogings is egter teengestaan deur die leiers wat hulle onderhouding van die Pasga teruggevoer het na die leerstellings en voorbeeld van die apostel Johannes. In ongeveer 250 n.C. het Stephanus, 'n biskop van Rome, aanspraak gemaak op oppergesag oor ander kerke in 'n geskil oor wie die beste tradisie het. Die ander kerke het egter sy aanspraak **teengestaan** (Küng, bl. 49). Damasus, 'n biskop van Rome, (ongeveer 380 n.C.), wat beskryf is as 'n "meedoënlose magsverbreker", het die uitdrukking van Petrus as die "rots" gebruik om sy aanspraak op mag te versterk. Hy het ook van sy "apostoliese setel" gepraat asof geen ander kerk van belang was nie. Hy het ook monumente ter ere van martelare opgerig om die posisie van die Roomse kerk te verstewig (Duffy, bl. 37-39).

Dit is belangrik om te onthou dat alhoewel al hierdie biskoppe van Rome vandag "Pouse" genoem word, die eerste een wat werklik die eksklusiewe titel opgeëis het, Siricius was (ongeveer 390 n.C.). Teen 450 n.C. het Leo die Grote die vermeende verband tussen Rome en die pousdom "beklink" en selfs die stigting van die

Roomse kerk deur Petrus en Paulus vergelyk met die stigting van Rome deur Romulus en Remus (Duffy, bl. 43-44). Tydens die Raad van Chalcedon (451 n.C.) het Leo se ondersteuners verklaar: "Petrus het deur Leo gepraat" (Duffy, bl. 45), maar die raad het Leo se omvattende aansprake van oppergesag afgewys en aan Rome en Konstantinopel **gelyke status** verleen (Küng, bl. 64-65).

Leerstellings uit die heidendom

Wanneer ons die Rooms-Katolieke leerstellings met die Skrif vergelyk, sien ons dat daar ooglopende teenstrydighede is. Die Bybel onthul dat Jesus Christus, die Apostels en die vroeë Kerk almal die sewende-dag Sabbat en die Bybelse Heilige Dae (sien Lukas 4:16; Johannes 7:8-10; Handeling 17:2; 1 Korinthiërs 5:7-8), onderhou het. Die Roomse kerk het egter, ongeveer in die tyd van Konstantyn, begin om Sondagaanbidding, Paasfees, Kersfees en 'n horde "dae vir die heiliges" van die heidendom oor te neem – alhoewel daar geen Bybelse voorbeeld of opdrag is om dit te doen nie. Die Skrif **waarsku teen** die oorneem van heidense praktyke (sien Deuteronomium 12:29-32; Jeremia 10:2).

Die Skrif toon dat die vroeë Kerk verkondig het dat die Koninkryk van God op hierdie aarde gevestig sal word met Jesus Christus se wederkoms.

Tog het die Roomse kerk verkondig dat **die kerk** self die Koninkryk is en die ware Bybelse lering dat Christus werklik sal terugkeer om oor die aarde te heers, as kettery verwerp. Die Roomse kerk leer dat Maria, Jesus se moeder, vir ewig 'n maagd gebly het, maar die Skrif toon duidelik aan dat sy na Jesus nog ander kinders gehad het (Markus 3:31-32; Lukas 8:19-21). Al was Petrus en die ander Apostels getroud (Markus 1:30; 1 Korinthiërs 9:5), het die Roomse kerk 'n ordinansie van priesterlike selibaatskap [om ongetroud te bly] ingestel, ten spyte van die duidelike opdrag in die skrif dat die verbod om te trou 'n Satan-geïnspireerde idee is (1 Timótheüs 4:1-3). Dit is ook interessant om daarop te let dat, in teenstelling met die lank reeds bestaande Rooms-Katolieke gewoonte om te kniel om die ring van 'n biskop of pous te soen, die apostel Petrus **geweier** het om so 'n eerbetoon te ontvang (Handeling 10:25-26). Dit is slegs 'n paar van die talle voorbeelde van hoe die Roomse kerk **afgewyk** het van apostoliese leerstellings!

Vir meer as 1,500 jaar lank het ambisieuse persone probeer om die Rooms-Katolieke biskopsamp van Rome te gebruik om hulle aansprake op universele gesag te bevorder. Hulle het maatskaplike, politieke, teologiese, wetlike en selfs militêre druk, tesame met misleiding en vervalsing gebruik om hulle doelwitte te bereik. Hierdie slinkse en soms

gewetenlose mans het **afgewyk** van die leerstellings van die vroeë Kerk. Nogtans erken selfs baie Katolieke geleerdes die valsheid van Rome se aansprake. Soos Küng dit duidelik stel: “Die aansprake wat hulle gemaak het mag dalk **geen Bybelse en teologiese grondslag** gehad het nie, maar deur die eeue heen is hierdie aansprake wat in die kerkwet ingesluit het, as aanvaarde feite opgeneem. Wat die Roomse biskoppe van die vierde en vyfde eeu aan hulleself toegeskryf het terwyl hulle toenemend bewus geword het van hulle mag, lyk moontlik vandag vir baie mense, binne sowel as buite die Katolieke kerk, na wat oorspronklik Katoliek was” (Küng, bl. 50). Ons sien dus dat die aansprake van pouslike voorrang wat gebaseer is op die apostoliese opvolging vanaf Petrus nie op klinkklare bewyse berus nie, maar op **dogma** – idees wat met gesag gemeld word, maar wat geen ware historiese bewyse het nie! In die laaste instansie berus hierdie aansprake nie op geskiedenis of op die Skrif nie, maar op **twyfelagtige menslike tradisies!**

Profetiese belang

Tot hoe 'n mate raak hierdie

ontnugterende feite van die geskiedenis ons vandag? Franciskus I mag homself dalk voordoen as 'n hervormer, wat homself toewy aan die herstel van 'n kerk wat in 'n krisis is. Nogtans sien ons by nadere ondersoek dat die werklike grondslag van Franciskus se kerk gebou is op berekende aannames en die voortsetting van valse leerstellings.

Dit behoort egter geen verrassing te wees vir persone wat die Skrif bestudeer nie. Die apostel Paulus het gewaarsku dat godsdienstige leiers sal afwyk van die ware Kerk en valse en misleidende leerstellings sal gebruik om volgelingen te wen (Handelinge 20:29-37). Paulus het ook gewaarsku dat baie mense teen die eindtyd “... die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels” (2 Timótheüs 4:1-4). Paulus waarsku verder dat 'n magtige en invloedryke godsdienstige leier, net voor die wederkoms van Jesus Christus, wonderwerke sal verrig wat baie mense sal **mislei** om **leuens** te glo – want hulle sal nie die waarheid onthou of liefhê nie (2 Thessalonicense 2:1-12). Hierdie valse godsdienstige leier sal kop in een mus wees met 'n magtige politieke leier wat

beheer sal verkry oor 'n herleefde Romeinse Ryk wat in Europa sal verrys (sien Openbaring 13 en 17; Daniel 2).

Dit is nog te vroeg om die omvang van Franciskus se moontlike invloed op die eindtydse gebeure te peil. Toe kardinaal Joseph Ratzinger in April 2005 pous Benedictus XVI geword het, het sommige mense blindweg aanvaar dat hy die laaste pous sal wees voor die wederkoms van Jesus Christus. Hulle was verkeerd. Onthou, John Paul I het in 1978 vir slegs 33 dae lank gedien – die “jaar van drie pouse”. Franciskus se pouskap mag van korte duur wees om die toneel voor te berei vir 'n meer charismatiese opvolger – of dit kan lank en vol drama wees. Wat ons wel weet is dat, gebaseer op die duidelike rekord van die geskiedenis en die Skrif, Franciskus se aanspraak om die opvolger van Petrus en die moderne houder van Christus se gesag te wees, 'n vergryp is. Dit is gebaseer op menslike tradisies en nie op die Woord van God nie. Christene moet op hulle hoede wees en moet nie mislei word deur valse aansprake nie, veral namate die einde van die tyd nader kom en godsdienstige misleiding toeneem. **WvM**

**Verwittig ons asseblief
onmiddellik van enige
verandering in u posadres.**

Waak en Waarsku

Onderskei God se benoemdes

Deur Wyatt Ciesielka

In 2013 het die wêreld toegekyk hoe kardinaal Jorge Bergoglio – nou Franciskus I – verkies is tot die leier van sy kerk en sy 1,2 miljard volgelinge. Baie mense het gewonder oor die verkiesingsproses en het hulleself die vraag afgevra: “Hoe toon God Sy wil oor wie Sy mense moet lei?”

Indien God u geroep het om 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus – die Lam van God en Verlosser van die wêreld – te hê, wonder u ongetwyfeld ook oor dieselfde vraag. Hoe kan ons diegene uitken vir wie God afgesonder het om vandag Sy dienaars in Sy bediening te wees?

Let daarop dat Jesus Christus die Twaalf Apostels *aangestel* het (Markus 3:14). Op hulle beurt het die Apostels weer ouderlinge *aangestel* om hulle geloofsgenote te dien (Handelinge 14:23). Die Bybelse patroon vir spesifieke take is aanstelling eerder as verkiesing. Let daarop dat Christus 70 dissipels *aangestel* het vir 'n spesiale ministeriële taak (Lukas 10:1).

Let ook op dat daar ongelukkig *valse* leraars is wat hulle volgelinge mislei tot hulle gesamentlike ondergang (Handelinge 20:29; 1 Timótheüs 1:5-7; 2 Petrus 2:1-2)! Ons moet dus versigtig wees en diegene volg wat werklik deur God

aangestel is en om hulle te volg, na te boots, soos wat hulle Christus navolg (1 Korinthiërs 11:1).

Bybelse voorbeelde

Moses, gebore as 'n Israëlietiese slaaf, is deur Farao se dogter aangeneem en in die Egiptiese hof grootgemaak. God het Moses by die brandende bos geroep en hom opdrag gegee om Israel te bevry uit Egiptiese slawerny (Exodus 2-4). Die Skrif sê dat daar niemand was wat nederiger en meer beskeie as Moses was nie (Numeri 12:3). Hoe het hy dus Israel se leier geword? Hy het nie die pos deur slinkse politiekery verkry nie, nog minder is hy in die pos ingestem. God het *hom* op 'n kragtige en onmiskenbare manier *aangestel*.

Jong Dawid wat die Koning van Israel sou word, is as die jongste van Isai se agt seuns so onbelangrik geag dat hy aan die begin selfs nie eens na Samuel gebring is om hom te sien nie. Nogtans het God duidelik aan Samuel gesê om Dawid as koning oor Israel te salf (1 Samuel 16:12-13). Dawid is nie ingestem in die amp nie en dit is belangrik om daarop te let dat hy nie probeer het om sy aanstelling te verhaas deur Saul se amp onregmatig in besit te neem of om 'n staatsgreep uit te

oefen nie. In plaas daarvan het hy gewag totdat God vir Saul verwyder het deur hom te laat sneuwel in 'n veldslag.

Die voorbeeld van Jehu, 'n offisier in die regering van Agab en Jerobeam, is ewe insig-gewend. Jehu is gesalf om koning te word (1 Konings 19:16-17). Die Skrif toon dat God vir Elia en daarna vir Elisa beveel het om vir Jehu as koning van Israel te salf. Was hierdie aanstelling die gevolg van slinkse politiekery? Of was dit bloot toevallig – iets wat die profete nie geweet het hulle doen nie? Natuurlik nie!

Let ook daarop dat hierdie salwing vir 'n spesifieke doel was; dit was byvoorbeeld nie 'n algemene salwing vir genesing (sien Jakobus 5:13-15) wat Jehu aangesien het vir 'n goddelike aanstelling nie. Inteendeel, God het Sy profeet 'n duidelike opdrag gegee wat uitgevoer is onder [Sy] gesag. Dit is selfs bevestig deur spesifieke en belangrike profesieë wat bedoel was om die salwing te staaf of te bekragtig – dat Agab se huis tot niet sou gaan en dat die honde Isébel op die dorpsgrond van Jisreël sou opeet (2 Konings 9:1-10). Wanneer God 'n dienaar aanstel, is Sy besluit duidelik!

God se voorbeeld

God herhaal hierdie

voorbeeld regdeur die Ou en die Nuwe Testament. In die Nuwe Testament lees ons dat Jesus spesifiek in die openbaar vir Petrus uitgekies (net soos Hy met die ander Apostels gedoen) het. Daar was geen selfgeorganiseerde veldtog vir inseëning, geen opstand teen 'n vorige leier, geen stemmery en geen slinkse politiekery vir die pos nie. Petrus se gesag het gespruit uit behoorlike inseëning vir 'n spesifieke amp en nie uit die aanvaarding van 'n gesogte titel nie. Net so het die opgestane Jesus Christus vir Saulus [Paulus], vir wie Hy op die pad na Damaskus laat neerval het, spesifiek gekies en aangestel en hom daarna vir drie jaar lank opgelei om diens te doen as een van Sy apostels (Galasiërs 1:15-18).

Die Skrif sê aan ons dat mense net na Christus toe kan kom indien die Vader hul roep (Johannes 6:44). God vereis van diegene wat deur Hom geroep is, om geestelik uit hierdie wêreld wat deur Satan mislei word te kom (2 Korinthiërs 4:4). Elke Christen word geroep om 'n koninklike priesterdom binne te gaan (1 Petrus 2:9), om 'n letterlike kind van God – 'n Geestelike Wese en lid van die Godsgesin – met Christus se wederkoms te word.

Sommige mense wat deur

God geroep is, stel Hy ook in bepaalde ampte van dienslewering aan – apostels, profete, evangeliste, herders en leraars. Dit is interessant dat God sedert die eerste geslag Christene, nog geen profete geroep het om in enige administratiewe hoedanigheid in Sy kerk te dien nie. Ons vind profete altyd onder die leiding van 'n hoër menslike gesag, selfs wanneer hulle God se boodskap oordra (1 Korinthiërs 12).

Soos ons gesien het, maak God Sy roeping tot diensbaarheid duidelik, beide deur die proses van aanstelling en deur die vrugte van daardie aanstelling. Diegene vir wie God **nie** aangestel het **nie**, maar wat 'n aanstelling begeer, behoort hierdie waarskuwing van die apostel Jakobus in gedagte te hou: “Moenie baie leermeesters wees nie, my broeders, omdat julle weet dat ons 'n groter oordeel sal ondergaan” (Jakobus 3:1). Hoe sal God se aangestelde leraars beoordeel word? Volgens hulle liefde vir God, hulle liefde vir Sy mense en hulle liefde vir Sy wet – hulle voorbeeld van hoe hulle aan andere die hele lewenswyse wat Christus ons geleer het, leer (Mattheüs 28:19).

Diegene wat God aangestel het, praat volgens die hele Bybel – *nie* volgens hulle eie siening of

gerieflike tradisie nie. Die Bybel verduidelik dat diegene wat *nie* onderrig volgens die hele wet en al die getuïenis – die hele Woord van God vanaf Génesis tot Openbaring – nie, nie die “lig” van Christus in hulle het nie (Jesaja 8:20; Johannes 1:1-8). Hierdie valse leraars sal selfs *vervloek* wees omdat hulle probeer om by God se heilige Woord by te voeg of daarvan weg te neem (Openbaring 22:18-19).

Getroue dienaars van God is verbind tot die “Groot Opdrag” – om aan die wêreld die “goeie nuus” van die toekomstige Koninkryk van God te verkondig (Mattheüs 24:11-14). Hulle streef daarna om Christus na te volg (1 Korinthiërs 11:1), aan andere die lewenswyse te leer wat Hy ons geleer het – gebaseer op God se wet wat gegrond is op liefde vir God en vir mekaar (Mattheüs 22:36-40).

Het God u geroep om 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus, die Lam van God en Verlosser van die wêreld, te hê? Indien wel, bekeer u, verheug u en dank God vir u roeping. Dank God ook vir diegene wat Hy aangestel het om Sy Kerk te onderrig en te lei, om die geestelike liggaam tot die eenheid van die geloof te bring (Efesiërs 4:13). **WVM**

**Besoek ons webwerf by: www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur: www.tomorrowworld.org**

Verbeter u huwelik!

Deur Richard F. Ames

Jesus Christus het gesê: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself”. Indien u getroud is, is u eggenoot u intiemste vriend! Indien u reeds getroud is, leef u Christus se opdrag uit? Het u die regte doelwitte en verwagtinge indien u beplan om te trou?

Wanneer 'n man en 'n vrou trou aan mekaar beloof, is daar dikwels 'n vreugdevolle byeenkoms om die begin van die nuwe gesin te vier. 'n Troue is 'n heuglike geleentheid, wat dikwels gepaard gaan met musiek, blomme, familie en vriende. 'n Huwelik is een van die belangrikste gebeurtenisse in 'n persoon se lewe. 'n Formele belofte wat in die openbaar afgelê word, is die begin van 'n leeftyd saam. Die bruid en bruidegom sê soms tradisionele woorde soos: “... in voorspoed en teëspoed, in rykdom en armoede, in siekte en in gesondheid, tot die dood ons skei”.

Is ons nog – individueel of nasionaal – aan daardie belofte gestand? Neem in ag dat daar in 2012, volgens die *Sentra vir Siektebeheer* 6.8 huwelike vir elke duisend mense in Amerika voltrek is – 'n afname van 9.8 per duisend in 2001. Daar was ook 3.6 egskedings per duisend, wat beteken dat daar vir elke 1.8 huwelike, een egskeding was! Kanada weerspieël hierdie selfde Amerikaanse tendens, met *Statistiek Kanada* wat verlede jaar berig het dat na verwagting, 43.1% Kanadese huwelike in egskeding sal eindig – meer as die 39.3% 'n dekade gelede.

Wat van u? Ten spyte van die nasionale tendense kan u

strategieë vir 'n suksesvolle huwelik toepas. Daar is werklik bewese, Bybelse strategieë om 'n suksesvolle huwelik vol te hou. Dit mag dalk nie maklik wees nie, maar die poging wat u aanwend kan tot groot belonings en 'n liefdevolle verhouding lei.

Vermý die “50-50” fout

Die ou gesegde: “Die huwelik is 'n 50-50 onderneming”, is **total verkeerd!** Ware liefde is om te gee sonder om enigiets in ruil te verwag. Wanneer twee mense albei **100%** gee, het 'n mens 'n sterk band, 'n sterk oorvleueling wat buigzaamheid gaan waarborg en die vermoë bied om krisis en probleme te kan hanteer. Deur die 50-50 voorstel te aanvaar word 'n ingeboude swak skakel in u verhouding gewaarborg!

Lyk dit te moeilik? Neem die volgende vers wat die grondslag is vir gelukkige verhoudings en vir die karakter wat ons nodig het tot in alle ewigheid in aanmerking: “Ek het julle in alles getoon dat ons ... die woorde van die Here Jesus moet onthou, dat Hy gesê het: Dit is saliger om te gee as om te ontvang” (Handelinge 20:35). Of, soos die Nuwe Vertaling dit stel: “Om te **gee** maak 'n mens gelukkiger as om te **ontvang**”.

Een van die grootste geskenke wat u kan gee, is u tyd!

'n Paar jaar gelede toe ek baie aktief besig was met sport, was ek geneig om my vrou af te skeep met die tyd wat ons saam kon deurbring. Ek onthou die keer toe ek besluit het om van my tyd aan haar af te staan om iets te doen wat vir haar lekker sou wees. Sy wou graag op 'n kano vaart gaan – wat nie een van my gunsteling aktiwiteite was nie, maar ons het op 'n Sondagmiddag met 'n kano op 'n Oos-Texas meer gaan vaar. Dit was omring deur dennebome, blou lug, watervoëls en vrede! Wat ek beskou het as 'n opoffering van my tyd, het gelei tot 'n verbeterde verhouding – my vrou het die aktiwiteit geniet en my poging waardeur. Soos Jesus gesê het: “Dit is saliger om te gee as om te ontvang”.

God se lewenswyse is om te **gee** – die volwasse benadering tot die lewe en die huwelik. Die Bybel beveel ook egpare om seksueel aan mekaar te gee. In die eerste eeu het die apostel Paulus hierdie opdrag gegee aan heidene wat hulle bekeer het tot die Christendom en wat in die sedelose stad Korinthe gewoon het: “... maar weens die gevare van onsedelikheid behoort elke man sy eie vrou te hê en elke vrou haar eie man. Die man moet sy huwelikspilg teenoor sy vrou nakom, en net so ook die vrou teenoor haar man. Die vrou beskik nie oor haar eie liggaam

nie, maar die man; net so beskik die man ook nie oor sy eie liggaam nie, maar die vrou. Moenie vir mekaar omgang weier nie, behalwe met wedersydse toestemming en net vir 'n bepaalde tyd om julle aan die gebed te wy. Daarna moet julle weer saamkom, sodat die Satan julle nie miskien weens julle gebrek aan selfbeheersing verlei nie" (1 Korinthiërs 7:2-5 NV).

Is u bereid om hierdie opdrag na te kom? Betoon u toegeneentheid aan u eggenoot of eggenote? Eenvoudige drukkie en soentjies wanneer u vir werk vertrek en wanneer u terugkeer is **belangrik**. 'n Duitse versekeringsmaatskappy het 'n paar jaar gelede 'n verslag uitgereik waarin tot die slotsom gekom is dat mans wat hulle vrouens elke dag soen, minder geneig is om ongelukke te maak. Hulle is oor die algemeen finansiëel ook meer suksesvol as mans wat nie hulle vrouens elke dag soen nie. Ek het toe seker gemaak dat ek my vrou elke oggend soen voordat ek vertrek vir werk. Een dag het ek vergeet en agteruit teen 'n boom vasgery. Nodeloos om te sê, ek maak seker dat ek haar elke oggend soen!

Dr. John A. Schindler het, terwyl hy kommentaar gelewer het oor die probleem van selfsug, geskryf: "Die enigste persoon wat in staat is tot ware liefde is die persoon wat homself en sy eie onmiddellike belange kan vergeet, terwyl hy die welsyn en belange van iemand anders eerste stel. Wanneer beide die man en die vrou dit kan doen, sal hulle geen huislike of seksuele

probleme hê nie" (*How to Live 365 Days a Year*, bl. 142).

Hoeveel mans en vroue beoefen werklik daardie beginsel? Hoeveel Christelike mans en vroue beoefen werklik daardie beginsel?

Stel u huweliksmat eerste

Waardeer u werklik u huweliksmat? Let op God se opdrag: "Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een **die ander hoër ag** as homself" (Filippense 2:3).

Ja, u behoort u eggenoot **hoër** te ag en **meer** te waardeer as uself. Waardeer u maat as 'n potensieële kind van God. Soek en waardeer die positiewe eienskappe wat u in mekaar vind! Indien u u huweliksmat mishandel het, fisies of verbaal, **behoort u berou te betoon!** U behoort uself voor God te verootmoedig en Hom om Sy vergifnis te vra. U behoort u maat om verskoning te vra! Ek weet dit is soms moeilik om te sê: "Ek is jammer". 'n Verskoning kan baie doen om 'n verhouding te heel en te herstel!

Hoe betoon u eer en respek aan u eggenoot? Daar is baie maniere, soos om spesiale geskenke te gee, aandagtig te luister, dank te betuig en gewoonweg bedagsaam te wees met u woorde en u stemtoon.

Hoe geduldig is u? Geduld is 'n manier om liefde te betuig, soos ons leer uit 1 Korinthiërs 13, wat dikwels die "liefdeshoofstuk" genoem word. Ons lees: "Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie,

is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. Dit handel nie onweloweglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles. Die liefde vergaan nooit nie, ..." (1 Korinthiërs 13:4-8 NV). Lees daardie hoofstuk. Bid dat God aan u die vermoë sal skenk om volgens daardie deugde te leef en om daarin te groei.

U kan u huwelik verbeter deur te luister, deur begrip te toon en deur ruimte aan mekaar te gee. U kan u huwelik verbeter deur u lewensmaat te eer en te respekteer! Let op hierdie uiters belangrike opdrag wat God aan die mans gee: "Net so moet julle, mans, verstandig met hulle saamlewe en aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer bewys, omdat julle ook mede-erfgename van die genade van die lewe is – sodat julle gebede nie verhinder mag word nie" (1 Petrus 3:7).

God beveel die man om sy vrou te **eer**. Hou in gedagte dat julle saam "mede-erfgename van die genade van die lewe is". U behoort te verstaan dat elke mens op aarde die potensiaal het om in die goddelike gesin van God as 'n verheerlikte, onsterflike kind van God gebore te word. Die apostel Paulus het ons aan God se plan vir ons herinner: "... en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige" (2 Korinthiërs 6:18).

Stel 'n positiewe voorbeeld

Die apostel Petrus het Christene beveel om 'n goeie voorbeeld te stel, selfs aan hulle nie-Christelike lewensmaats: "Net so moet julle, vroue, aan jul eie mans onderdanig wees, sodat, as sommige aan die woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die wandel van die vroue sonder woorde gewin kan word as hulle jul reine, godvresende wandel aanskou het" (1 Petrus 3:1-2)

Onthou, u kan nie 'n ander persoon verander teen sy of haar wil nie, maar u kan uself verander!

Ons het almal Godgegewe verantwoordelikhede in ons huwelik en gesin. God beveel die mans: "Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad het en Homself daarvoor oorgegee het" (Efesiërs 5:25). Kom u, as die man, u verantwoordelikheid na? Vir sommige huwelikspara-

is dit baie belangrik om mekaar se gedrag te oordeel om sodoende hulle eie gebrek aan getroue diens te verontskuldig. Onthou, ons sal almal voor die regterstoel van Christus verskyn, soos ons in Romeine 14:10 lees. Maak seker dat u u eie Godgegewe verantwoordelikheid as 'n man of vrou nakom!

Die boek Titus skets die Bybelse verantwoordelikhede vir Christen-vroue: "... sodat hulle [die ouer vroue] die jong vroue kan leer om versigtig te wees, hulle mans en kinders lief te hê" (Titus 2:4). Vervul u, as vrouens en moeders wat hierdie artikel lees, u Godgegewe verantwoordelikhede? Indien u dit wel doen, sal u 'n positiewe voorbeeld vir u man wees. God sal u pogings seën indien u Hom erken in u huwelik en as u Jesus Christus vra om Sy lewe in u te lei. Streef daarna om met God se hulp, die beste huweliksmaat te

wees wat u kan.

Liefdevolle kommunikasie

Hoe dikwels vind ons dat paartjies "mekaar uitskakel" in hulle gesprekke? Effektiewe kommunikasie beteken om doeltreffend te luister sowel as te praat. Ons behoort te luister met begrip – probeer om die ander persoon se standpunt te verstaan. Probeer om die ander persoon se gevoelens en behoeftes te verstaan! Toon respek deur u volle aandag te gee.

Die apostel Paulus gee aan ons een van die basiese beginsels vir doeltreffende kommunikasie. "Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof" (Efesiërs 4:15 NV). Sommige mense praat die waarheid in haat. Vir Christene wat egter volwasse is in Christus, sal omgee oor hoe hulle woorde

Bou 'n VREUGDEVOLLE huwelik

Daar is werklik "sleutels" en beginsels wat die toets van die tyd deurstaan het en wat wel tot 'n VREUGDEVOLLE huwelik kan lei.

Sukses in 'n huwelik hang af van ons gewilligheid om hierdie sleutels TOE TE PAS in ons lewens.

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie te ontvang met bogenoemde "sleutels"!

diegene raak wat daarna luister.

Toon u meegevoel en besorgdheid wanneer u met u huweliksmaat praat? Kommunikeer u respektvol met mekaar? Ons behoort regtig met mekaar geduldig te wees. “Die liefde is lankmoedig en vriendelik”. (1 Korinthiërs 13:4) Die NV stel dit so: “Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik”. Wees altyd daarop bedag om die waarheid in liefde te praat!

In ons bedrywige lewens mag dit gebeur dat huwelikspare in verskillende rigtings beweeg en skaars tyd het om met mekaar te praat.

Sommige studies het getoon dat baie egpare gemiddeld minder as 20 minute per week met mekaar gesels! Skrywers Leonard en Natalie Zunin stel die “vier-minute-reël” voor as 'n manier om munt te slaan uit die kort tydjie wat u saam mag hê. Hulle wys daarop dat die sukses of mislukking van 'n huwelik “kan berus op wat gebeur tussen 'n man en sy vrou gedurende net agt minute van die dag: Vier in die oggend wanneer hulle wakker word, en vier wanneer hulle na die werksdag weer by mekaar aansluit” (*Contact: The First Four Minutes*, bl. 133).

Die Zunins wys tereg daarop dat u taal, gesindheid, of uitdrukking aan die begin van die dag, u hele verhouding kan beïnvloed. Leer om 'n positiewe, liefdevolle gesindheid te hê vir die eerste vier minute wat u saam is aan die begin van die dag. Indien u hiermee moeite doen kan u 'n toevallige argument of 'n onnodige wrok wat die

hele dag lank kan duur, voorkom. Skenk ook veral aandag aan wanneer u weer aan die einde van die dag saam is. Selfs al is u moeg, kan 'n positiewe woord van bemoediging of waardering, 'n drukkie of 'n soen, vir die res van die aand 'n groot verskil aan u verhouding maak.

Bid Saam

Baie van u wat hierdie artikel lees, is moontlik met 'n ongelowige huweliksmaat getroud. Indien dit so is, is u dalk nie in staat om **saam met** u huweliksmaat te bid nie – maar u kan bid **vir** u huweliksmaat en vir die sukses van u huwelik! Soos vroeër genoem, kan u 'n Christelike voorbeeld vir u maat wees. Die Skrif gee die volgende opdrag aan vroue wat nie-Christelike mans het: “Net so moet julle, vroue, aan jul eie mans onderdanig wees, sodat, as sommige aan die woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die wandel van die vroue sonder woorde gewin kan word” (1 Petrus 3:1). U liefdevolle, Christelike voorbeeld van gee, kan baie bydra daartoe om u maat positief te beïnvloed. Let daarop dat die klem op u gedrag val en **nie** daarop om te probeer om u lewensmaat met argumente van u geloof te wil oortuig nie!

Indien u en u huweliksmaat albei bid, kan u natuurlik saam bid. Wanneer ek en my vrou saam bid, begin ek gewoonlik die gebed en sal dan na 'n kort rukkie aan my vrou raak. Sy sal dan verder bid en wanneer sy klaar is, sluit ek ons gebed af. Dit

is net ongelooflik watter intieme en persoonlike gedagtes uitkom in ons gedeelde gebede. Op dié manier deel ons met mekaar en met ons God.

Een van my vrou se gunsteling uitdrukkings is: “Kom ons bid daarvoor”. Ek waardeer haar gewilligheid om God te betrek in ons huwelik en in ons lewe saam. Ons behoort almal God en ons Verlosser in elke aspek van ons lewens te erken. Die Skrif vermaan ons: “Vertrou op die HERE met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie. Ken Hom in **al jou weë**, dan sal Hý jou paaie gelykmaak” (Spreuke 3:5-6).

'n Huwelik vereis werk, inspanning en voortdurende voeding om suksesvol te wees. Dit beteken om u uiterste bes te doen om u Godgegewe verantwoordelikhede as man of vrou na te kom. Daar sal struikelblokke, verskille en selfs konflik wees, maar met God se hulp **kan** u u huwelik verbeter!

Vra God om u te help om hierdie beginsels toe te pas in u eie lewe. Onthou, u kan nie u huweliksmaat dwing om te verander nie – u kan net uself verander. U voorbeeld van liefde en diens kan egter 'n geweldige groot invloed op u maat hê. Onthou ook u kan dit nie alleen doen nie. U het die hulp van u Verlosser in u eie lewe nodig. Soos die apostel Paulus skryf: “Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee” (Filippense 4:13). Mag God u, u huwelik en u gesin seën terwyl u daarna streef om volgens Sy woord te leef! **WvM**

Vergete simbole

Deur J. Davy Crockett III

'n Duidelike herinnering aan menslike hardkoppigheid

Wat het Mekka, Jerusalem en die Vatikaanstad in gemeen met Londen, Parys, New York Stad en Washington DC? In hierdie en ander stede regoor die wêreld, soms op die mees onwaarskynlikste plekke, vind ons dikwels groot gedenknaalde [obeliske]. Sommige is werklike oorblyfsels van antieke Egipte – waar die ontwerp ontstaan het – terwyl ander moderne weergawes van hierdie antieke tema is.

Waar anders vind 'n mens hierdie obelisk-ontwerp of iets wat baie soortgelyk is daaraan? Dink aan die baie Protestantse kerkgeboue met hulle hoë torings, of die moskee-toring wat uittroon bo 'n Moslem-moskee. Baie groot Roomse katedrale

vertoon hierdie antieke argitektoniese kenmerke prominent.

Is die ooreenkoms tussen hierdie gedenknaalde, toringspitse en torings net 'n merkwaardige toeval of is daar dalk 'n betekenis – 'n rede – agter hulle algemene ontwerp?

Die antieke Egiptenare het baie gode aanbid, met inbegrip van 'n songod en die gedenknaald was 'n belangrike simbool in daardie aanbidding. Die Egiptenare, net soos baie ander heidense nasies, het geheimsinnige magte toegeskryf aan simbole, veral dié wat vrugbaarheid, oorvloedige oeste of genesing uitgebeeld het. Hierdie gebruike het na ander kulture versprei en kom deesdae wydverspreid voor, waar die

gedenknaald en ander soortgelyke torings 'n bekende ikoon geword het, nie net van belydende Christenskap nie, maar ook van geheime organisasies soos die Vrymesselaars.

U mag dalk vra: “Wel, watter verskil maak dit? Daardie ou betekenis en verband wat dit gehad het is lank reeds vergete. Hulle is net mooi argitektoniese kenmerke wat aantreklik kan wees”.

Hierdie is natuurlike reaksies, maar wat sê God daarvan? Interessant genoeg, wanneer ons in die Bybel kyk, sien ons dat die manier waarop ons God die Vader aanbid en eer, vir Hom baie belangrik is. Wanneer ons vinnig na die woord “klippilare” in die Ou Afrikaanse Vertaling van

Twaalf Sleutels tot Verhoorde Gebed

Waarom verhoor God die meeste mense se gebede nie?

Weet u hoe om op sodanige wyse te bid dat u ware resultate sal kry?

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vrae te kry!

die Bybel soek, kry ons ten minste 16 verwysings, wat almal saam met opdragte om daardie simbole van heidense aanbidding te vernietig, gebruik word.

Die grondslag vir hierdie opdrag word gevind in die tweede gebod: "Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie" (Exodus 20:4-5). Verder het God in Sy opdrag aan die volk van Israel gesê: "As jy kom in die land wat die HERE jou God jou sal gee, moet jy nie leer om volgens die gruwels van daardie nasies te doen nie" (Deuteronomium 18:9).

Die beginsel is duidelik. God

kies hoe Hy aanbid moet word en dit is nie vir Hom aanvaarbaar indien Sy mense dit op hulleself neem om die metodes, gewoontes of simbole van valse, heidense gelowe te gebruik om Hom te aanbid nie. Trouens, Hy verwerp nie net hierdie soort aanbidding nie; Hy beskou dit as 'n gruwel. God beveel Sy mense herhaaldelik dwarsdeur die hele Skrif om hierdie simbole van die heidendom te verwyder (Deuteronomium 7:5). Wanneer God aanbid word, is daar geen plek vir heidense tradisie nie.

Sommige mense mag sê: "Maar dit is 'n pragtige tradisie"! Ja, miskien is hulle mooi vir die mensdom. Jesus Christus laat egter die mense in sy tyd weet – baie duidelik – dat "tradisie" nie die waarheid kan vervang in ware aanbidding van die ware

God nie. "Hy antwoord en sê vir hulle: Waarom oortree julle ook die gebod van God ter wille van julle oorlewering?" (Mattheüs 15:3).

Dit kan beslis aangenaam wees om God in 'n pragtige gebou van goeie kwaliteit te aanbid. Hy het egter nie die gebruik van mooi geboue nodig nie. Inteendeel, Hy dring daarop aan om aanbid te word in gees en in waarheid (Johannes 4:24). Ware aanbidding in beskeie omgewings, selfs in gehuurde sale, verskaf Hom plesier soos selfs die beste mensgemaakte tradisies uit heidense aanbidding nooit sal kan doen nie. Ons behoort dit nooit te vergeet in ons aanbidding van die een ware God nie. **WVM**

Satan se vervalste Christendom

Die verstommende boodskap in hierdie boekie sal u raak in die jare wat binnekort voorlê en dit sal ook 'n uitwerking op u ewige toekoms hê!

Dit is lewensbelangrik.

Hierdie inligting is vir baie eeue onderdruk, maar dit is inligting waarvan u kennis behoort te dra!

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting te ontvang!

Die werke van Sy hande:

Die wonder van DNA

Deur Wallace G. Smith

Hoe sou dit wees as ons deur die *mikroskopiese* wêreld kon reis en ingaan in die wonderlike omgewing van een enkele, baie klein menslike selletjie – net een van die *biljoene* in u liggaam? Wat 'n *verstommende* wêreld vol wonders sou ons nie teëkom nie! Daar binne-in die oneindig klein en elegant-geordende domein, sou ons ingewikkelde molekulêre masjinerie sien wat besig is met die uitvoering van die funksies wat ons lewens op aarde moontlik maak! Reis ons na die hart van die sel – sy kern – sou ons die “brein” van hierdie onsigbare, onpeilbare klein wêreldjie vind: 'n Ongelooflike dun, baie lang string atome wat 'n molekulêre vorm en waarvan die bestaan werklik 'n wonderwerk is.

Daardie wonderbaarlike molekulêre is *deoksiribonukleïensuur* – meer algemeen bekend as *DNA*. Dit verteenwoordig 'n tegnologiese wonderwerk van Goddelike ontwerp en ingenieursvernuif wat werklik verstommend is om te aanskou! God verklaar dat elke lewende wese “volgens sy soort” voortplant (Genesis 1:21-25), sodat kinders 'n ooreenkoms met hulle ouers het. Dit is deur hierdie onsigbare molekulêre DNA-agent wat God lewe op Sy bevel inblaas. DNA is, heel letterlik, die bloudruk van alle lewe op aarde.

Ontwerp word ontdek

Die bioloog James Watson en fisikus Francis Crick het in 1962 die Nobelprys gedeel nadat hulle die struktuur van die DNA ontdek het. Wat hulle ontdek het was eenvoudig verstommend! DNA is nie net 'n deurmekaar rangskikking van atome nie, maar dit het 'n elegante en duidelik goed-ontwerpte struktuur.

Die vorm van DNA lyk soos 'n spiraalvormige leer – 'n vorm wat bekend staan as 'n *dubbele heliks*. Die twee “bene” van die leer bestaan uit suikers en fosfate en die “sporte” of “trappe” van die leer word *basispare* genoem. Dit is die volgorde van hierdie basispare wat aan DNA sy merkwaardige vermoë gee om groot hoeveelhede inligting te bevat en oor te dra, die fisiese bloudruk wat van u *u* maak!

Slegs vier biologiese verbindings – adenien (A), sitosien (C), guanien (G) en timien (T) – verbind in pare om die basispaar “sporte” van die DNA-molekules te vorm. Hierdie molekules wat in byna elke sel van ons liggame voorkom, bevat hierdie basispare in *spesiale* en *unieke volgorde*, wat die vele opdragte wat ons selle bestuur kodeer om 'n ingewikkelde netwerk van molekulêre masjinerie te bou, wat van ons liggame maak wat dit is.

Lewe se bloudruk gekodeer

Die inligting wat in die lang stringe van die DNA molekule gekodeer is, stel ons liggame in staat om al die proteïene wat nodig is vir die verskillende funksies bymekaar te maak, net soos 'n rekenaar sy opdragte van 'n hardeskyf af lees. Trouens, die DNA molekulêre kode, wat gevorm word deur 'n spesifieke volgorde bestaande uit die A, C, G en T basisse, werk baie soos die spesifieke volgorde van die tweeledige rekenaarkode wat uit die syfers 0 en 1 bestaan.

Byvoorbeeld, in rekenaars wat die ASCII tweeledige kode gebruik om teks te verteenwoordig, sou die volgorde 010001000110000101100100 die Engelse woord “Dad” kodeer. Net so, sê 'n string DNA met die volgorde CAGAAGCCA aan die sellulêre masjinerie om die aminosuur-ketting *glutamine-lisien-prolien* te produseer. Net soos die 0'e en 1'e gekombineer word om die inligting te bevat en oor te dra wat elke moderne rekenaar wat bestaan laat werk, is dit hierdie stringe van vier eenvoudige chemiese basisse – A, C, G en T – wat die presiese bloudruk vir elke lewende organisme op aarde bevat en oordra!

Verder is DNA *by uitnemendheid* 'n hoogs-tegnologiese

middel wat inligting opberg. Die wetenskap begin nou eers werklik die ontsaglike vermoëns van God se ontwerp in hierdie elegant-geskape molekule te verstaan – 'n kapasiteit wat enigiets wat die mensdom nog ooit uitgevind het, *by verre oorskry!* Onlangse interessante eksperimente het bygedra om die merkwaardige vermoë van hierdie wonderlike uitvindsel van die Almagtige God te illustreer.

In die September 2012-uitgawe van die Science tydskrif, het molekulêre genetikus, George Church en sy kollegas berig dat hulle in staat was om 'n afskrif van Church se boek, *Regenesis*, te kodeer in 'n DNA-string, dit daarna dan suksesvol te dekodeer [ontsyfer] om die oorspronklike teks terug te kry, net soos 'n mens dit met 'n rekenaar se hardeskyf sou kon doen. Soos hulle in die uittreksel van hul baanbrekerswerk verhandeling skryf: “DNA is van die mees kompakte en stabiele inligting wat aan die media

bekend is”.

Nog 'n soortgelyke eksperiment verduidelik dit selfs meer dramaties. Die gesogte tydskrif, *Nature*, het in Januarie 2013 berig dat 'n span wetenskaplikes al 154 van Shakespeare se sonnette, die oorspronklike wetenskaplike artikel deur Francis Crick en James Watson oor die struktuur van DNA, 'n kleurfoto van die Europese Bio-informatika Instituut in Engeland en 'n klankuittreksel van Martin Luther King se beroemde “*I have a dream*”-toespraak, alles op slegs 'n klein stukkie DNA gekodeer. Hulle het toe die DNA in 'n flessie – sonder enige spesiale verpakking – gepos van die Verenigde State van Amerika na Duitsland, waar kollegas in staat was om die inhoud weer suksesvol te dekodeer [ontsyfer] in hulle oorspronklike teks-, visuele- en klank-formaat.

Die wetenskaplikes het voorgestel dat hulle tegniek “uiteindelik opgegradeer kan word om 'n opbergingskapasiteit

te skep wat baie groter is as al die digitale inligting wat deesdae wêreldwyd gestoor word” (“*DNA Data Storage: 100 Million Hours of HD Video in Every Cup,*” *Phys.org*). Daardie hoeveelheid inligting sou ongeveer *een zettagreep* beslaan – 'n verbysterende *een miljoen miljoen gigagrepe!* Hulle beweer in der waarheid dat die hoeveelheid DNA wat in 'n standaard koffiekoppie kan pas, genoeg sou wees om 100 miljoen ure van hoë-definisie video te stoor. Dit is genoeg hoë-definisie video om ononder-broke 24 uur per dag, elke liewe dag – vir meer as *10,000 jaar* te speel. Alles in 'n enkele koffiekoppie.

Durf ons 'n Ontwerper ontken?

Vir diegene wat nie glo in 'n Almagtige God wat lewe geskep het en dit ontwerp het vir Sy eie wonderbaarlike doel nie, is die bestaan van hierdie merkwaardige molekule bepaald 'n hindernis om te oorkom! Weten-

Suksesvolle ouerskap volgens God se riglyne

*Wat is die wesenlike doel van ouerskap?
Is dit bloot om kinders groot te maak om onafhanklike,
bekwame volwassenes te word, of behels dit veel meer?*

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie vir die verstommende antwoord!

skaplikes wat die oorsprong van lewe navors, maar wat nalaat om 'n Goddelike Ontwerper in aanmerking te neem, bevind hulleself in die spreekwoordelike “hoender-en-eier”-dilemma, aangesien die proteïne wat gebruik word om die DNA-kode te lees, self geskep word deur die DNA-kode te gebruik! Die gedetailleerde inligting in DNA kan nie gelees word sonder komplekse, gespesialiseerde proteïnes wat ontwerp is vir die taak om dit te ontsyfer nie. Nogtans kan die komplekse, gespesialiseerde proteïne nie geskep word sonder die gedetailleerde instruksies wat gestoor is binne die DNA nie!

Baie biochemici wend

ywerige pogings aan om 'n mitiese en geheimsinnige “skepping-sonder-God”-storie in die laboratorium te skep op soek na 'n geloofwaardige situasie waarin inligting-draende molekules hulleself willekeurig byeen kan bring en dan kan begin om hulleself te reproduceer. Ten spyte van al hulle pogings tot dusver, het hulle misluk. Net soos 'n komplekse rekenaarprogram 'n programmeerder vereis wat dit moes skryf, so roep die teenwoordigheid van die absoluut merkwaardige inligting-ryke DNA molekule wat die grondslag van elke lewende wese op aarde is uit na almal wat bereid is om te luister dat lewe ontwerp vereis.

'n Ontwerp moet van 'n uiters intelligente Ontwerper kom!

Met elke sel wat die programme wat in ons DNA gekodeer is lees – net soos 'n honderd biljoen rekenaars 'n honderd biljoen hardeskywe lees, elke sekonde van elke dag van ons lewens – vereis ons eie liggame dat ons glo in 'n Skepper! Namate die wetenskap steeds meer wonders aangaande die menslike liggaam en van lewe op aarde onthul, kan ons saam met Koning Dawid van Israel ons stemme verhef tot God en sê: “Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep” (Psalm 139:14 NV)! **W&M**

Wie Beheer die Weer?

Is “natuurrampe” die onpersoonlike werking van “Moeder Natuur”, of is dit ’n LEWENSBELANGRIKE boodskap van God?

Sodanige natuurrampe word soms ’n natuurkrag genoem, so bestier deur God. Maar wat is Sy EINTLIKE rol in die droogtes, hongersnode, vloede en aardbewings wat ons wêreld tref?

Wat sê die Bybel oor sulke natuurrampe in die eindtyd? Hoe kan Christene hulle hierop voorberei?

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!

Vrae & Antwoorde

Beteken die dag van Pinkster meer as wat die meeste mense besef

VRAAG: Ek het in u tydskrif van Pinksterdag gelees, maar dit blyk verskillend te wees van wat my kerk onderhou. Wat is Pinkster en wat behoort dit vir Christene te beteken?

ANTWOORD: Pinkster, net soos 'n aantal ander belangrike insettinge en verordeninge in die Bybel, word deesdae nie algemeen aanvaar nie en ook nie eenvormig onderhou deur belydende Christene nie. Sommige mense onderhou hulle eie weergawe van wat Pinkster is op verskillende dae, ander ignoreer dit of erken dit as 'n datum, maar met geen spesiale onderhouding nie.

Pinkster is een van sewe jaarlikse Heilige Dae wat in u Bybel beskryf word. Die onderhouding daarvan word duidelik in beide die Ou en die Nuwe Testament opgeteken. Dit is 'n dag waarop “geen beroepswerk” gedoen mag word nie en waarop God se mense moet saamkom om te aanbid (Levitikus 23:21).

Die fees word die “Fees van Weke” in die Ou Testament genoem. In die Nuwe Testament is die naam “Pinkster” oorgeneem uit die Griekse taal – van die Griekse woord wat “tel 50” beteken. Pinkster was die dag waarop Moses die Tien Gebooie vir die stamme van Israel ontvang het. Die Judaïsme onderhou tot vandag die dag wat hulle *Shavuot* (Hebreeus vir “Weke”) noem, as 'n herdenking aan daardie gebeurtenis.

Die betekenis van die woord *Pinkster* is op sigself 'n aanduiding van hoe die Bybel ons beveel om die Heilige Dag te onderhou. Levitikus 23:15 sê dat, ten einde die datum van die fees te bepaal, 50 dae getel moet word van die datum van die “beweegofferges”, wat op die Sondag tydens die Dae van Ongesuurde Brood val (Levitikus 23:6-11). Aangesien dag een van die 50-dag-inklusiewe telling altyd op die eerste dag van die week val, is dit ook so met Pinkster – dag 50 in daardie telling. Op die Juliaanse kalender val dit op 'n datum wat iewers in die middel van Mei tot die middel van Junie elke jaar is. In 2013 het Pinkster teen sonder op 18 Mei begin en geduur tot sonder op 19 Mei.

Die meeste Jode wat dit nog onderhou, stel Pinkster vas op die sesde dag van die Hebreeuse maand bekend as *Sivan*, 50 dae na die eerste Dag van Ongesuurde Brode. Sodoende hoef hulle nie die Bybelse “tellery” uit te voer om die datum van die Heilige Dag te bepaal nie en 6 *Sivan* kan op enige dag van die week val, behalwe op 'n Sondag.

Die meeste vertakings van Judaïsme volg deesdae die 6 *Sivan*-gebruik, alhoewel die Karaiete die gebruik behou het om tot by die Sondag-Pinkster te tel soos wat die Bybel beveel.

Diegene wat streng die Bybelse opdrag gehoorsaam deur “50 te tel” van die Sondag van die beweegofferges af, sal Pinkster altyd op 'n Sondag onderhou, op 'n datum wat wissel van 5 *Sivan* tot 11 *Sivan*.

Pinkster was die dag waarop die Nuwe-Testamentiese Kerk gestig is (sien Handeling 2) en is betekenisvol weens die uitstorting van die Heilige Gees (Handeling 2:17-19) – wat die geestelike vervulling was van die Israeliete se Fees van Weke. Net soos God 'n fisiese volk – Israel – geroep het om Sy voorbeelde te wees vir die antieke wêreld (Deuteronomium 4:6, Deuteronomium 7:6-8; Jesaja 49:6), so het Hy 'n Kerk van geestelike “eerstelingen” gestig om deur die krag van die Heilige Gees Sy “lig” in die wêreld te wees en 'n heilige priesterdom te word (Romeine 8:22-24, Romeine 8:29; Jakobus 1:18; 1 Petrus 2:9-10).

Die Heilige Dag wat na Pinkster volg staan bekend as die Fees van Basuine en word jaarliks onderhou op 1 Tishri volgens die Hebreeuse kalender (September of Oktober op die Juliaanse kalender). Dit beeld die opstanding van al die eerstelingen uit wat tydens die “sewende basuin”, wat in die Bybel beskryf word, sal plaasvind (Openbaring 11:15). Sommige mense assosieer Pinkster – wat eintlik die *insameling* van die eerstelingen uitbeeld, nie hulle opstanding nie – verkeerd met hierdie mylpaal later in die Bybel.

Net soos die Skrif aandui dat Jesus Christus en Sy volgelingen die Pasga onderhou het (Mattheüs 26:17; Markus 14:12; Lukas 22:8), asook die Dae van Ongesuurde Brode (Mattheüs 26:17; Handeling 20:6), die Versoendag (Handeling 27:9), ook die Huttefees (Johannes 7; Handeling 18:21), het hulle ook Pinkster onderhou (Handeling 2:1; 1 Korintiërs 16:8). Pinkster het vandag nog sy belangrikheid vir Christene behou as 'n belangrike mylpaal in God se jaarlikse siklus van Heilige Dae. **WvM**

Profesie neem

Geestelike Blindheid was Voorspel

Waarom is die Bybel vandag vir die meeste mense 'n raaisel? Waarom ontwikkel belydende Christene, wat almal tog dieselfde Bybel lees, soveel verskillende idees oor die leerstelling? Waarom faal predikante om te verkondig wat die Bybel so duidelik sê? Waarom is moderne "Christelikheid" so opvallend verskillend van apostoliese Christelikheid? Die antwoorde op hierdie belangrike vrae word gevind in 'n reeks Bybelprofesieë wat *vandag besig is om in vervulling te kom!*

Wydverspreide Bybel-onkunde

Histories was Amerika, Kanada, Australië, 'n groot deel van Europa, Suid-Amerika en dele van Afrika "Christelike" kulture genoem. Vele studies het egter getoon dat ons moderne "verbruikers Christelikheid" baie oppervlakkig is, dat "aanhangers [daarvan] swak onderdig is in die geloof" en dat wydverspreide onkunde oor die Bybel en die Christelike leerstelling hoogty vier (*The Empty Church*, Reeves, bl. 61-63). Meningpeilers beskryf Amerika as 'n "nasie van Bybelongeleterdes" waar "net vier uit tien Amerikaners weet dat Jesus die Bergpredikasie

gelewer het; minder as die helfte van alle volwassenes die name van die vier Evangelies van die Nuwe Testament ken; slegs drie uit tien tienderjariges weet waarom Paasfees gevier word ... Meer as die helfte van alle Amerikaners die Bybel minder as een maal per maand lees ... insluitend 24 persent wat sê dat hulle dit nooit lees nie" (*ibid.*). Studies toon dat minder as 30 persent van Amerikaners in enige gegewe week kerk bywoon en onder Europeërs val daardie syfer onder die 10 persent. In baie Westerse nasies verloor die "hoofstroom Christelike" kerke reeds vir dekades lank lidmate. Gegewe hierdie syfers, is dit geensins verrassend dat baie belydende Christene weinig kennis van die Skrif het en baie min weet van die geskiedenis en ontwikkeling van hulle eie geloof se leerstellings.

Een van die redes vir hierdie verval is die wyse waarop die kerke hulle toekomstige leiers oplei. Waarnemers merk op dat kweekskole wat predikante oplei "as 'n reël deur linksgesindes oorheers word" (Reeves, bl. 19). Deur 'n linkse leerplan word nuwe predikante dan geradikaliseer en word hulle gevorm deur 'n intellektuele atmosfeer "oorspoel met anti-bonatuurlike aannames" (*ibid.*). Baie moderne teologiese studente

"ken nie die name van die helfte van die boeke in die Bybel nie; of Calvyn voor of na Augustinus geleef het nie; wat dit beteken om te sê dat Christus na die dood afgedaal het of 'volgens die Skrif' opgetree het nie, wat God se toorn beteken, of hoe om die laaste oordeel oor die lewende en dode te verstaan nie" (*ibid.*).

Onder die invloed van moderne Bybelkritiek, "word Jesus se wonderwerke versinsels van die vroeëre kerk. Beskrywings van God se ingryping ter wille van die volk van Israel word legendes en mites. Betuigings van hoop in die Wederkoms van Christus as 'n toekomstige gebeurtenis in die verlossingswerk van God, word verlangende projektering van die onvervulde verwagtings van Jesus se vroeëre volgelinge" (*ibid.*). As gevolg van hierdie wan-opleiding van toekomstige geestelike leiers, "sien ons dat studente gradueer met min geloof in die egtheid van die Skrif, 'n minimale begrip van kerkgeskiedenis en ortodokse teologie en armvragte vol van politieke-korrekte standpunte oor maatskaplike en politieke aangeleenthede" (*ibid.*). Een bekommerde teoloog het opgemerk, "Ons het die Skriftuurlike en doktrinale onderskraging" in die Christelike geloof "verloor" (*ibid.*).

gestalte aan

Afwykende leerstellings

As mens die verskillende invloede in aanmerking neem wat mense vir soveel jare van die Waarheid af vervreem het, is dit nie verbasend dat moderne “Christelikheid” so *grootliks verskil* van die apostoliese Christelikheid van die Bybel nie – hoewel meeste belydende Christene hierdie feit deesdae nie besef nie. Die Skrif toon duidelik dat Jesus, Sy dissipels en die vroeëre Kerk die sewende-dag Sabbat en die Bybelse Heilige Dae onderhou het (Lukas 4:16; Johannes 7:1-10, 37; Handeling 17:2; 18:21), nogtans woon die meeste belydende Christene eredienste op Sondae by – en onderhou Kersfees en Paasfees [Easter] as godsdienstige vakansiedae, alhoewel daar geen Bybelse gebod daarvoor bestaan nie – die Skrif veroordeel inteendeel praktyke wat met hierdie vakansiedae verband het, wat geskiedkundige bronne uitwys dat dit uit die heidendom ontleen is.

Baie belydende Christene glo dat hulle hemel toe sal gaan, maar die Bybel sê egter, “En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, *naamlik* die Seun van die mens [Jesus] wat in die hemel is” (Johannes 3:13; sien ook Handeling 2:29, 34; 13:36).

Baie mense dink die evangelieboodskap is slegs “aanvaar Jesus en u sal gered word,” maar die Skrif toon egter “Jesus [het] in Galiléa gekom en die evangelie van die **koninkryk van God** verkondig” (Markus 1:14). Die Skrif toon dat Hy Sy Koninkryk op die aarde gaan vestig met Sy Wederkoms (Openbaring 11:15-18), dat die heiliges saam met Hom op hierdie aarde sal heers (Openbaring 5:10) en dat God se Wet aan elkeen geleer sal word (Jesaja 2:2-4; 9:6-7; 11:9).

Hoewel apostoliese Christelikheid hierdie besielende aspekte van Jesus se ware evangelie verkondig het, het teoloë wat later gekom en beïnvloed was deur heidense filosofie, hierdie leerstelling bevraagteken en uiteindelik veroordeel as dwaalleer (sien *The Decline and Fall of the Roman Empire*, Gibbon, hoofstuk 15). Die meeste belydende Christene is vandag “blind” vir hierdie belangrike historiese en Bybelse feite, omdat moderne predikante en teoloë óf nie van hierdie sake weet nie óf nie daarvoor preek nie. Maar waarom is hierdie blindheid so wydverspreid onder mense wat bely dat hulle in die Christendom glo?

Blindheid voorspel

Die Bybel openbaar dat

wanneer God se mense aan Hom ongehoorsaam is, Hy sal toelaat dat daar 'n gees van blindheid oor hulle kom, “... omdat jy nie geluister het na die stem van die HERE jou God om sy gebooie en sy insettinge wat Hy jou beveel het, te hou nie ... [het] die HERE ... julle nie 'n hart gegee om te verstaan en oë om te sien en ore om te hoor tot vandag toe nie” (Deuteronomium 28:45; 29:4). Moses het voorspel dat Israel se neiging om teen God in opstand te kom (en die gevolglike geestelike blindheid wat dit sou meebring) tot ernstige gevolge sou lei “in die laaste dae” (Deuteronomium 31:27-29). Satan speel ook 'n rol om hierdie blindheid te bevorder onder diegene wat nie die Skrif glo nie (2 Korinthiërs 4:3-4).

Die Hebreeuse profete het hierdie selfde tema oor en oor herhaal en dit benadruk dat om teen God te rebelleer en Sy wêë te verwerp, tot geestelike blindheid lei. Jesaja skryf: “Ek het kinders grootgemaak en verhoog, maar hulle het teen My oortree ... Maak die hart van hierdie volk vet en maak hulle ore swaar en bestryk hulle oë, sodat hulle nie sien met hul oë en met hul ore nie hoor en hul hart nie verstaan nie” (Jesaja 1:2-3; 6:9-10). Jeremia skryf: “Hoor dit tog, o dwase en verstandelose volk, wat oë het, maar nie sien nie; wat ore het, maar nie hoor nie ... Kyk, hulle

oor is onbesnede, sodat hulle nie kan luister nie. Kyk, die woord van die HERE is vir hulle 'n smaad, hulle het daar geen behae in nie" (Jeremia 5:21; 6:10). Jeremia waarsku ook omdat die mense God se woord verwerp, sal "julle wandel elkeen na die verhardheid van sy bouse hart, om na My nie te luister nie ... die profete profeteer vals ... en my volk wil dit graag so hê" (Jeremia 5:31; 16:11-13). Esegïel waarsku dat ongehoorsaamheid lei tot geestelike blindheid en na vals onderwysings

wat mense verlei om leuens te glo (Esegïel 12:2; 13:2-19). Hierdie tema kom regdeur die Ou Testament voor.

Jesus verduidelik dat Jesaja se voorspelling (Jesaja 6:9-10) ook die geestelike blindheid van die Jode van Sy dag voorspel het, hulle wat hom nie as die Messias erken het of Sy boodskap kon verstaan nie (Mattheüs 13:10-15). Die apostel Paulus openbaar dat hierdie selfde profesieë ook die geestelike blindheid van die moderne Israelitiese nasies

voorspel (Romeine 10:1-3; 11:7-8; 2 Korinthiërs 3:14-15). Indien u uit die geestelike blindheid wil breek wat so baie belydende Christene vandag kwel, begin dan om u Bybel noukeurig te bestudeer en vra God om u verstand te open om te kan begryp wat u lees. Vra ook die gratis *Wêreld van Môre Bybelstudiekursus* aan. Dit sal u help om die Bybel te verstaan, en ook die honderde profesieë wat in hierdie dae besig is om vervul te word.

—Douglas S. Winnail

Is Hierdie die ENIGSTE Dag van REDDING?

Wat sal gebeur met die BILJOENE mense wat nog nooit die ware God leer ken het nie, nog nooit ENIGE vorm van Christelikheid aangeneem het nie?

Is hulle vir ewig gedoem tot 'n brandende hel, of tot 'n ewigheid in uiterste duisternis? Wat is die WARE antwoorde op dié vrae?

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

Die Tien Gebooie

Byna 3,500 jaar gelede, in die tyd van Moses, het God aan antieke Israel 'n morele kode gegee wat, as dit gehoorsaam sou word, ware geluk en vervulling sou bring aan 'n wêreld wat gevange gehou word deur menslike lyding.

Die seëninge wat volg wanneer ons volgens hierdie tydlose beginsels leef, eindig egter nie met hierdie lewe nie. Die Jesus Christus van u Bybel sê aan diegene wat die lewe wil beërwe:
“ONDERHOU DIE GEBOOIE!”

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

regte manier gebruik, soos God dit moontlik maak, om die Waarheid so te verkondig dat dit toenemend miljoene mense sal bereik, namate die einde van hierdie tydvak nader.

Ek weet dat vir die meeste van u wat hier lees, dit die “boodskap” is wat belangrik is. 'n Man op ons rekeningkundige personeel sê dat hy ons tydskrifte selfs sou lees, al was hulle “op 'n bruin papiersak” gedruk. In 'n sekere opsig is hy heeltemal reg. Indien ons nie die regte boodskap het nie, kan geen rekenaarvaardighede tog opmaak vir wat ontbreek nie. U sal ook sien dat die boodskap op die bladsye van ons Engelse tydskrif nie verander het nie, ten spyte van die nuwe formaat en ontwerp. Dit is nog dieselfde skrywers as voorheen en die artikels is dieselfde. Ons wil nogtans hê dat ons Engelse tydskrif steeds moet “lyk en voel” soos die beste tydskrif wat deesdae beskikbaar is. Ons wil ons ontwerp vars, eietyds en aantreklik hou vir soveel as moontlik lesers, sodat hulle kan “kennis neem” van die waarskuwende boodskap wat ons verkondig. Hoewel ons nie die *Tomorrow's World*-tydskrif verkoop nie – ons sal ook nooit nie – wil ons hê dat dit in sy eie reg presies net so professioneel moet lyk, soos ander kwaliteit-tydskrifte wat u moontlik lees, soos *The Economist* of *Newsweek* of *Time*.

Terwyl ons van *Newsweek* praat mag sommige van u moontlik onthou dat, ná byna 80 jaar van publikasie, *Newsweek* Desember 2012 oorgegaan het tot 'n “ten volle digitale” formaat en die gedrukte uitgawe het verdwyn. Al was *Newsweek* 'n tydskrif wat afhanklik was van betaalde advertensies en intekenaarsgeld kon die uitgewers nie bekostig om voort te gaan met die druk van die tydskrif nie. Dit is ook nog 'n ander manier waarop die *Tomorrow's World* “anders” is. Ons volg die weg van “gee” waarvan Jesus in Mattheüs 10:8 praat. Ons is innig dankbaar teenoor diegene wat met donasies hierdie Werk ondersteun, hoewel ons nie donasies verwag van diegene wat hierdie asook ons Engelse tydskrif ontvang nie. In dankbaarheid weet ons dat God Sy mense inspireer om te gee tot die mate waartoe hulle in

staat is. Deur Sy voorbeeld wys Hy aan ons dat die weg van gee werklik 'n lewenswyse is wat werk!

Die hardwerkende lede van ons personeel wat ons Engelse tydskrif saamstel is ook 'n voorbeeld van hierdie lewenswyse. Alhoewel ek nie dikwels in hierdie artikel die name noem van die mense wat so hard aan hierdie tydskrif werk om dit so 'n uitstaande eindproduk te maak nie, was dit my plesier toe ek in Januarie ons skrywer Dexter Wakefield kon noem vir sy uitstekende artikel in die vorige uitgawe (“*Onnatuurlike rampe*”, November-Desember 2013). In hierdie uitgawe wil ek graag twee lede van ons redaksionele personeel persoonlik bedank. Eerstens wil ek Donna Prejean noem wat die lid is wat die langste op ons redaksionele span dien. Die *Tomorrow's World*-tydskrif het 14 jaar gelede begin en toe het mev. Prejean geen ander hulp gehad in die ontwerp en uitleg van elke uitgawe nie. Deur die jare het sy onvermoeid gewerk om die tydskrif op baie maniere te verbeter, terwyl sy terselfdertyd ons boekies en verskeie ander gereelde publikasies voorberei het. Ek het diepe waardering vir haar lojale en getroue diens aan hierdie Werk, en sien uit na God se volgehoue seën op alles wat sy doen vir hierdie Werk se publikasies. Vervolgens wil ek graag ons nuutste redaksionele werknemer in die VSA, John Robinson, noem. Mnr. Robinson het aan die spits gestaan van die herontwerp van hierdie tydskrif. Ek weet hy sal hard werk om die voortgesette voortreflikheid daarvan te verseker en om ons ander redaksionele lede te help en aan te moedig om dieselfde te doen. Elkeen van hierdie twee lojale en gewaardeerde werknemers speel 'n sleutelrol in ons span “agter die skerms”.

Profesieë marsjeer voort!

Ek let terloops op dat die laaste keer toe ons met 'n herontwerp van ons Engelse tydskrif (vir ons Mei-Junie 2005 uitgawe) begin het, Pous Benedictus XVI slegs 'n paar dae nadat die herontwerpte uitgawe ter perse gegaan het verkies is. Hierdie jaar is Pous Franciskus I

ver kies terwyl ons besig was met die herontwerp van ons Engelse Mei-Junie 2013 uitgawe. Een van ons medewerkers het skertsend opgemerk dat, indien ons ooit weer ons tydskrif sou herontwerp, watter Pous ook al dan daar is, baie senuweeagtig behoort te wees! Op 'n ernstiger noot, ons behoort almal wêreldgebeure dop te hou soos Christus ons beveel in Mattheüs 25:13. Sal Franciskus I die heel laaste Pous wees voor Christus se wederkoms? Ons weet nog nie, maar – omdat ons die geskiedenis en die eindtydse profetiese opeenvolging van gebeurtenisse ken – is daar baie wat ons kan weet van hierdie man

en sy amp (sien dr. Douglas S. Winnail se artikel, Franciskus I: *Die heel laaste Pous?*, elders in hierdie uitgawe). My vriende, ek hoop dat u gehoor sal gee aan Christus se opdrag om te “waak” – sodat u gereed sal wees wanneer die tyd aanbreek. Die wêreld om ons is besig om te verander, maar Christus se opdrag – en ons roeping – bly dieselfde soos altyd!



Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang!
Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS
9880**

**of skakel : 058 622 1424
en meld dat u navraag doen
na die “Wêreld van Môre” Bybelstudiekursus**